




# Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 339  
Piketberg  
7320



Telefoon: 022 - 913 2391  
Vonkpos: [vvr@xsinet.co.za](mailto:vvr@xsinet.co.za)  
Faks: 022 - 913 1482

## VRYHEID TOT SY EER

### UITNODIGING NA VOLKSVERGADERING

Hiermee word u uitgenooi na die **TWEEDE VOLKSVERGADERING VAN DIE GELOFTEVOLK VAN SUID-AFRIKA** (VV 2010) te Bothaville gedurende 8 – 10 Oktober 2010. Tydens die eerste volksvergadering wat gedurende September 2009 te Vegkop gehou is (VV2009), is die prinsipiële grondslag vir die herstel van die vryheid van ons volk gelê. Soos telkemale rondom die vryheidsideaal in ons geskiedenis gebeur het, is ook hier 'n eenheidsband tussen volksgenote tydens die vergadering gevorm. Met hierdie tweede vergadering wil ons graag die eenheidsband versterk en die werk van VV2009 voortsit. Verder wil ons op die fundamente wat gelê is, voortbou deur oor te gaan tot daadwerklike vryheidsaksies. Die vergadering word gereël deur die **Geloftevolk Koördineringskomitee** (GKK) wat tydens VV2009 aangewys is om die besluite van die volksvergadering uit te voer.

#### VRYHEID TOT SY EER

Die tema **Vryheid tot Sy eer** is ontleen aan die Bloedriviergelofte waarin die Voortrekkers die verlange uitgespreek het dat die Naam van God deur 'n oorwinning oor die vyand vereer sal word. Die huidige staat van vreemde heerskappy waaronder ons verkeer is tot oneer van God en ons glo dat sy Naam weer vereer sal word deur die herstel van ons vryheid.

#### DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die vergadering is drieledig, naamlik:

- Om verslag te doen van die uitvoering van die besluite van VV2009 en aksies ter verdere uitvoering daarvan te bespreek.
- Om oor aksies ter bevordering van 'n vryheidsvisie onder ons volk te besluit.
- Om aksies ter beskerming van ons volk teen die fisiese aanslag teen ons te bespreek.

#### VRYHEID

Die begrip vryheid wat hier gebruik word, dui primêr op volkome staatkundige soewereiniteit vir ons volk as geheel en nie soseer op persoonlike vryhede nie. Die fokus is nie op individue nie, maar op die volk.

#### BESONDERHEDE VAN VERGADERING

Die vergadering word DV gehou te **Nampo Park by Bothaville** en wel vanaf **Vrydag 8 Oktober tot Sondag 10 Oktober 2010**. Die volledige agenda is beskikbaar op die GKK se webtuiste by [www.volksvergadering.co.za](http://www.volksvergadering.co.za).

## AKKOMMODASIE

Kampgeriewe is beskikbaar in 'n karavaanpark ongeveer 1 km vanaf Nampo Park. Indien ruimte ontbreek in die kampterrein sal mense ook op die parkeerterrein van Nampo Park kan uitkamp. In die omgewing is heelwat gastehuse en bed-en-ontbyt-geriewe. Besonderhede en name van kontakpersone is beskikbaar op ons webtuiste.

## NAVRAE

Navrae kan gedoen word deur te **skryf** na [vvr@xsinet.co.za](mailto:vvr@xsinet.co.za), te **faks** na **022 – 913 1482** of te **skakel** na een van die volgende nommers:

Ronnie van der Merwe	<b>073 – 557 3337</b>	<b>02072 – 2221</b>
Flip Swanepoel	<b>082 – 455 4303</b>	
Frikkie Strauss	<b>082 – 493 3785</b>	<b>022 – 913 2391</b>
Phillip Groenenstein	<b>083 – 334 1547</b>	

## BESPREKINGS

Besprekings kan ook by bostaande kontaknommers gedoen word. Verskaf asseblief u **naam, e-posadres en telefoon- of selfoonnommer** en die **aantal persone** wat die vergadering saam met u bywoon.

Ten einde ons in staat te stel om die nodige organisatoriese reëlings te tref, moet ons asseblief besprekings ontvang teen **Dinsdag 6 Oktober 2010**.

Geen toegangsgeld word gevra nie maar donasies ter delging van die kostes van die vergadering sal wel tydens die vergadering opgeneem word.

## DEELNAME AAN VERGADERING

Soos met VV2009 word daar ruim geleentheid aan volksgenote gebied om aan besprekings deel te neem. Daarom word toesprake tot die minimum beperk. Bestudeer asseblief die agenda met die oog op persoonlike voorbereiding vir tersaaklike en skeppende deelname aan besprekings.

## BOEKE EN DVD'S

'n Groot verskeidenheid skaars boeke en DVD's oor ons geskiedenis en ons vryheidstryd sal teen billike pryse te koop aangebied word.

## VERVERSINGS

Ligte verversings sal op die terrein te koop aangebied word.

## BRING BYMEKAAR WAT BYMEKAAR HOORT

Met hierdie woorde het Dr D F Malan in die dertigerjare van die vorige eeu die grondslag gelê vir die republikeinse stryd wat in 1961 op die Republiek van Suid-Afrika uitgeloop het. Ons volk het daardie republiek verloor. As gevolg daarvan verkeer ons nou in 'n voortbestaanskrisis en die toekoms van ons kinders is in die gedrang. Daadwerklike geloofsaksie is nodig. Dit is die doel van die vergadering. Daarom wil ons 'n beroep op u doen om alles binne u vermoë te doen om die vergadering by te woon. Verder wil ons u ook versoek om asseblief hierdie uitnodiging so wyd moontlik te versprei. Ons maak staat op u deelname en meelewing en glo dat die volgende woorde van die digter I D du Plessis hierin vir u tot inspirasie sal dien: *Soet is die stryd van die stryder, al moet hy ook verloor. Maar hy wat sy deelname weier, is die man wat sy volk verloor.*